www.Aalwyn nuusbrief .co.za
November/Desember 2020, Uitgawe 6

☑ VERSPREIDER of AGENT ☒

Verspreiders is individue wat magtiging het om 'n vervaardiger se produkte binne 'n spesifieke area en onder sekere voorwaardes te bemark en verkoop. Verspreiders koop die goedere vanaf die vervaardiger teen groothandelpryse aan en verkoop dit dan weer teen kleinhandelpryse.

- ✓ Verspreiders koop vanaf 'n vervaardiger en verkoop aan 'n kliëntebasis wat hulself opbou en bewerkstellig.
- ✓ Verspreiders is verantwoordelik vir kliënte- en naverkopediens.
- ✓ Verspreiders moet deurlopend bepaalde verkope handhaaf om verspreiderstatus en -areas te behou.
- ✓ Verspreiders dra wetlike aanspreeklikheid vir hul doen en late, asook vir korrekte produkverteenwoordiging.

Agente is tussengangers wat gemagtig is om goedere namens 'n vervaardiger te bemark en verkoop. 'n Agent hanteer die hele transaksie, insluitend prysonderhandeling, terme en voorwaardes en betaling namens die vervaardiger. Agente ontvang kommissie op suksesvolle transaksies. 'n Vervaardiger is wetlik verplig om goedere te lewer teen die pryse en voorwardes wat 'n agent met kliënte ooreengekom het.

- ✓ Agente koop of dra geen voorraad nie.
- ✓ Agente bou hul eie kliëntebasis, maar vervaardigers het definitiewe insae.
- ✓ Agente moet voorgeskrewe verkope handhaaf om kommissie te verdien.
- ✓ Agente dra min wetlike aanspreeklikheid vir hul optrede, of vir korrekte produkverteenwoordiging.

Jy is 'n verspreider, nie 'n agent nie!

'n Egte skat

REJUVENATING ESSENCE word maklik onderskat, maar dit is waarlik 'n velsorg-juweel. Hierdie kampioen het onlangs van 'n bottel na 'n buis verwissel. *REJUVENATING ESSENCE* is 'n kruising tussen 'n volwaardige serum en 'n kwaliteit-bevogtiger. Dit bevat verskeie botaniese uittreksels soos soapberry-vrug, spiny holdback-gom, jojobasaadolie, suurlemoenskilolie, roosolie en genoeg 100% varsgeperste aalwyn. Daar is bewyse dat soapberry-vrugekstrakte en spiny holdback-gom die tekens van 'n moeë vel voorkom en teëwerk; jojobasaadolie is die naaste aan die vel se natuurlike sebum en help om gesonde vogvlakke in die vel te handhaaf. Alhoewel *REJUVENATING ESSENCE* nou in 'n buis verpak word, het dit steeds 'n dun tekstuur om die opname van die botaniese komponente diep in al die lae van die vel te vergemaklik.

t: 028 735 8100 e: info@af.co.za www.af.co.za

HELP ONS OM BETER DIENS TE LEWER



Persoonlike diens is en was nog altyd ons hoogste prioriteit, maar ons het jou hulp nodig om selfs beter diens te lewer. Ons het 'n unieke 7-syfer verspreiderkode aan jou toegeken met jou aanstelling as verspreider. Hierdie kode verskyn op die fakture wat aan jou uitgereik word. Jou verspreiderkode stel ons in staat om al jou inligting en bestellings vinnig "op te roep". Ons personeel word opgelei om altyd flink en effektiewe diens te lewer, maar selfs ons beste pogings om jou te identifiseer deur jou slegs te sien of jou naam, van of eposadres te hoor, skiet ver te kort. Boonop het ons talle verspreiders met dieselfde of eenderse name en vanne. Ons verlang dus dat alle toekomstige kommunikasie asb. jou 7-syfer verspreiderkode moet insluit.

1 Noem jou verspreiderkode tydens alle stem-kommunikasie. Byvoorbeeld: "Hallo Aloe Ferox. Dit is June Schultz hier – SCH215P."

2 Tik jou verspreiderkode altyd eerste in by die "subject"-veld wanneer jy 'n epos aan ons stuur.

3 **BAIE BELANGRIK**

Gebruik slegs jou verspreiderkode (en ABSOLUUT niks anders nie) as verwysing wanneer jy betalings aan Aloe Ferox maak. Dit is totaal onproduktief en sinneloos om honderde betalings met inkorrekte/onbeduidende verwysings te probeer verwerk. Inkorrekte verwysings kan tot die vertraging van jou bestellings lei. Gebruik slegs die volgende formaat sonder enige spasies: **S C H 2 1 5 P**

4 Vul altyd jou verspreiderkode op die bestelvorm in voordat jy dit aan ons stuur.



JY IS FAMILIE – NIE NET 'N NOMMER NIE!

OPGRADERING & ETIKETTERING

SHOWER GEL LADIES en *SHOWER GEL GENTS* gaan binnekort beskikbaar gestel word sonder die oorbodige geslagsaanwysing. Beide die produkte is opgegradeer en kry nuwe plakkers sodra die huidige voorraad uitverkoop is. *SHOWER GEL LADIES* sal in die toekoms bekend staan as *SHOWER GEL PAMPER* en *SHOWER GEL GENTS* as *SHOWER GEL FRESH*. Beide produkte is verryk met vitamien E en bevat nou ook druiwepitolie, soetamandelolie en heuning om jou vel te bevogtig terwyl jy stort/bad en terselfdertyd jou vel sag, vars en bederf te laat voel.

ONTHOU OM TE ONTHOU

Kersgeskenke beskikbaar teen 1 Oktober

Ons wil advertensies vir jou ontwerp

Stuur 'n epos aan design.it@af.co.za
vir meer inligting.

✓ Sosiale Media ✓ WhatsApp ✓ Plakkate

WhatsApp

Sluit gerus aan by Aloe Ferox se WhatsApp-groep en ontvang outomaties professionele produkadvertensies, asook die "specials" – gereed om vir jou kliënte aan te stuur. Dit stel ons ook in staat om jou op hoogte te hou van produknuus en ander belangrike inligting. Dit is nie 'n geselsgroep nie, dus aanvaar ons geen korrespondensie op die groep nie. Stuur 'n epos aan whatsapp@af.co.za vir meer inligting.

GRENDELVELSORGSTELLE

Die "grendelvelsorgstelle"-projek is gekanselleer nadat die terugvoer, voordele en nadele, asook die langtermyn-uitvoerbaarheid, noukeurig oorweeg is.

SANITEERDERS

Dankie vir al die positiewe terugvoer rakende die nuwe alkohol-gebaseerde *HAND SANITISER SPRAY*. Dit sal beskikbaar bly (soos op die bestelvorm) in 'n 2-liter deur-skynende plastiekbottel met proppie – maklik en eenvoudig om tuis oor te gooi in kleiner spuitbottels.

DIE BESTELVORM

Hierdie gedeelte handel oor die tegniese/praktiese aspekte van die Aloe Ferox-bestelvorm. Daar is 2 verskillende bestelvorms – een vir verspreiders en een vir kliënte. Dit is beskikbaar in 1) gedrukte, 2) pdf of 3) sigblad- ("spreadsheet") formaat.

1. 'n Gedrukte bestelvorm word maklik met die hand ingevul, maar dit stuur nie so maklik nie. Dit moet eers geskandeer en dan ge-epos, of gefaks word – ons verkies skandeer en epos bo faks. Ons versoek dat geen foto's van bestelvorms ge-epos word nie; ons spandeer graag 'n bietjie tyd met jou op die foon en help jou om 'n gratis "app" op jou slimfoon te installeer wat jou bestellings kan skandeer en epos. Stuur 'n epos aan orderform@af.co.za vir meer inligting.

2. Pdf is 'n maklike formaat om dokumente elektronies te stuur, maar aanpassings op 'n pdf is moeilik. Pdf-dokumente word dus ook maar gedruk en met die hand ingevul.

3. Sigblad (voorkeur-formaat) verwys na rekenaar-/slimfoon-sagteware wat data soos bv. pryse en hoeveelhede maklik verwerk. Die bekendste sigblad in Suid-Afrika is Excel, ander is Google Sheets, Lotus 1-2-3, Numbers, ens. Die probleem is egter dat die onderskeie sigblaaie nie 100% aanpasbaar is nie. Die Aloe Ferox-bestelvorm is bv. in Excel ontwerp. Jy kan dit met Google Sheets gebruik, maar daar sal onvoorsiene probleme opduik. Volg hierdie stappe vir die beste resultate:
   a) Maak die bestelvorm oop in Excel (of soortgelyke program). Keur waarskuwings of boodskappe wat dalk mag vertoon, goed.
   b) Vul jou naam, van, verspreiderkode, ens. in.
   c) Vul die verlangde hoeveelhede in die QTY-kolomme in en gaan die totale na.
   d) Kliek op "File" en dan op "Save As" wanneer jy klaar is.
   e) Stoor die bestelvorm as jou verspreiderkode + datum: SCH215P 2020-10-05. Neem deeglik notisie van die plek waar die lêer gestoor word.
   f) Epos/"Share" die gestoorde lêer aan sales@af.co.za.

4. Aloe Ferox sal individue wat gewillig en bekwaam is, vergoed om funksionele en soortgelyke kwaliteit-bestelvorms vir ander sigblaaie te ontwikkel. Stuur 'n epos aan orderform@af.co.za om die vereistes te bespreek.

OPLEIDING 2021

Ons beplan om die verspreiderskursusse by Aloe Ferox in Albertinia vroeg in 2021 te hervat. 'n Verspreiderskursus bestaan uit 2½ dae propvol lesings oor die waarde van die aalwyn, velsorg, bemarkingstegnieke, velprobleme, gesondheidsaanvullings en verwante kwale, bestanddele, ens. Die kursusse is gratis en sluit kursusmateriaal, tee-/koffiebreke, middagetes, selfsorgverblyf en vervoer tussen verblyf en Aloe Ferox in. Jy moet net arriveer! Stuur 'n epos aan marketing@af.co.za vir meer inligting.